Messiaanse Christene

Inleiding

In sekere godsdienskringe word mense beïnvloed om hulle Christelike geloof met Ou Testamentiese wette en gebruike te kombineer. Party beweer dat die Christelike geloof deur heidense invloed besoedel is en dat ware aanbidding daarom slegs in gehoorsaamheid aan die wet van die Ou Testament te vinde is. Hierdie beklemtoning veroorsaak dat hulle in hul aanbiddingsvorme meer met 'n rabbiniese vormgodsdiens assosieer as met die Nuwe Testamentiese kerk. Baie van die Messiaanse Christene beskou hulle "Joodsheid" as meer belangrik as hulle indentiteit as Christengelowiges en vergeet dat die fokuspunt van 'n Christengelowige, Nuwe Testamentiese leringe behoort te wees en nie die kulturele agtergrond van rabbiniese Judaisme nie.

Herbouing van die "*middelmuur van skeiding*"

"Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; …sodat Hy…die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep" (Ef.2:14-15).
"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie…want julle is almal een in Jesus Christus" (Gal.3:28).

Volgens Nuwe Testamentiese lering behoort selfs 'n Joodse gelowige se identiteit nie in sy Joodskap te wees nie, maar in Jesus Christus. Wie was meer 'n Hebreër en Jood as Paulus wat gesê het: *"Ek is besny op die agste dag, uit die geslag van Israel…'n Hebreër…wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik. Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag...ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry…**nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur geloof in Christus is**…"* (Fil.3:5-9, My beklemtoning). Dikwels veroorsaak 'n godsdiens wat gebaseer is op 'n mengsel van Mosaïse wette en rabbiniese praktyke dat sommige 'n gesindheid van kulturele superioriteit oor die res van die liggaam van Christus ontwikkel. Dit is fundamenteel onbybels om op grond van enige kulturele redes, skeiding in die liggaam van Christus te veroorsaak. Dié wat probeer om die Torah (Mosaïese wette) in die Evangelie van Jesus Christus in te bring, is besig om die boodskap van Jesus en die apostels teen te werk en dissipels van mense te maak in plaas van dissipels van Jesus.

Moet Christene die Sabbat onderhou? - Nee

Kol.2:16-17: "*Laat niemand julle dan oordeel in spys of drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge…"*

Rom.14:5: *"Die een ag die een bo ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees."*

Hierdie skrifgedeeltes stel dit duidelik dat elke Christen die geestelike vryheid het om self te besluit of hy die Sabbat wil onderhou of nie. Dit is 'n saak vir elkeen se eie gewete. Volgens Rom.14 is die onderhouding van sekere dae 'n saak waaroor gelowiges mekaar nie moet oordeel nie. Wat wel in gedagte gehou moet word, is dat Paulus in hierdie gedeelte dié wat sterk in die geloof is aanspreek om nie neer te sien op dié wat nog swak in die geloof is nie; *"En neem hom aan wat swak in die geloof is…Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente"* (Rom.14:1-6). Hierdie gedeelte kan nie gebruik word om onvolwassenheid ten opsigte van geestelike groei goed te praat nie aangesien die meeste Skrifgedeeltes gelowiges vermaan om tot volwassenheid te kom *"sodat ons nie meer kinders sou wees wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering…"* en tot *"dwaling"* gebring word nie ! (Ef.4:11-16).
Wat Paulus hier aanspreek is die regte gesindheid wat volwasse gelowiges moet openbaar teenoor dié wat nog onvolwasse in die geloof is. Die vryheid wat die gelowige in Christus kan geniet kan tog nie onbepaald deur die onvolwassenheid van 'n ander broer of suster ingeperk word nie. Dit is die onkundige gelowige wat in kennis en geloof moet groei om die volle seëning van sy erfenis in Christus te kan geniet. Dit is tragies om te sien hoe 'n broer of suster wat al baie jare terug tot geloof gekom het, nog steeds, sonder onderskeiding, tussen die een twyfelagtige bediening na die ander rondval, terwyl volgens Paulus, hulle al lankal self leraars behoort te wees (Heb.5:12).

Die Ou Verbond en Israel

Wat verstaan moet word, is dat God lank gelede 'n spesiale volk uitverkies het om met hulle as 'n nasionale groep, 'n verbond te sluit. Die wet wat God aan Moses gegee het, het betrekking gehad op die Israeliete en hulle nageslagte. Dit het niks te doen gehad met ander volke nie. So moes die Sabbat as deel van die wet, as 'n ewige teken vir hierdie spesifieke volk dien. Net soos Christus al die ander Ou Testamentiese skadubeelde wat na Hom verwys, vervul het, net so het Hy ook dit waarvoor die Sabbat staan, vervul en die "Rus" van die Nuwe Testament geword, *"want ons wat geglo het, gaan die rus in…"* (Heb.4:3). Die Nuwe Testamentiese gelowige rus elke dag van sy eie werke deurdat hy op die volbragte werk van Christus op die kruis vertrou. Hy weet dat hy nie meer deur enige godsdienstige "werke" God se guns hoef te verdien nie, *"want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word"* (Heb.10:14).
Toe die eerste heidene tot geloof in Christus gekom het, het die Joodse Christene met 'n probleem gesit; watter van die wette van Moses moes hulle onderhou? Na 'n vergadering in Jerusalem waar hulle dié saak met die apostels bespreek het, was Sabbatsonderhouding beslis nie een van die dinge wat genoem is wat gelowiges moes onderhou nie. **Dit is ondenkbaar dat die apostels sou nalaat om die onderhouding van die Sabbat te noem as**

dit ’n bevel van God aan Christene was! (Hand.15:19-20). ’n Joodse Christen kan die Sabbat as deel van sy kulturele erfenis herdenk, as hy wil, maar hy mag geen geestelike betekenis van geregtigheid daaraan koppel nie. Daar is niks wat die bloed van die Nuwe Testament so vertrap en die Gees van genade so beledig as om heidene te leer dat dit nodig is om die ordinansies van Judaisme te onderhou nie! (Heb.10:29).
’n Christen gelowige is nie verplig om enige aspek van die wet van Moses te onderhou nie! *“Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie”* (Rom7:6).
“Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo” (Rom.10:4).
Die Nuwe Testamentiese gelowige is net onderworpe aan *“die koninklike wet”* (Jak.2:8), *“want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”* (Gal.5:14).

Wat van die “sewende dag” in Gen.2:2-3?

In hierdie skrifgedeelte word daar geen opdrag aan Adam en Eva gegee om van die sewende dag ’n godsdienstige sabbat te maak nie. Aangesien Adam ook eers op die sesde dag geskape is en hy buitendien geen werk voor die sondeval hoef te gedoen het nie, kon die “rus” van hierdie gedeelte ook nie op hom van toepassing gemaak word nie. Hierdie gedeelte bevat slegs ’n rusbeginsel wat geen betrekking het op enige godsdienssisteem nie. Hoe om te weet, kalendergewys, watter spesifieke dag God geseën en geheilig het, is ook onmoontlik om te bepaal. Volgens Ex.12:2 is die Joodse godsdienskalender eers in die maand van hulle uittog uit Egipte ingestel is : *“Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.”* Dit is ook eers in Ex.16:23-29 dat ons vir die eerste keer lees dat die sewende dag as ’n amptelike sabbat vir Israel ingestel is.

Het Konstantyn die Sabbat na Sondag verander?

Konstantyn het niks verander nie. Omdat die Christene alreeds vanaf apostoliese tyd gewoonlik op die eerste dag van die week (Sondag), bymekaar gekom het (Hand.20:7, 1 Cor 16:1-2), het hy dit deur ’n dekreet as ’n rusdag geproklameer waarop geen besigheid gedoen kon word nie. (Konstantyn se verordening: *"On the venerable Day of the Sun let the magistrates and people residing in cities rest, and let all workshops be closed" (Constantine, March 7, 321. Codex Justinianus lib. 3, tit. 12, 3; trans. in Philip Schaff, History of the Christian Church, Vol. 3, p. 380, note 1).*
Baie mense verwys tradisioneel verkeerdelik na Sondag, die eerste dag van die week, as die Sabbat. Die dag net voor die eerste dag van die week, die sewende dag, is die Joodse Sabbat van die Ou Testament. Nêrens in die Skrif word na die eerste dag van die week as die Sabbat verwys nie. Daar is ook nêrens in die Skrif enige aanduiding dat die Sabbat na Sondag toe

verander is nie. Omdat Nuwe Testamentiese gelowiges glo dat ons geroep is tot 'n "sabbatslewe", word een dag nie heiliger as 'n ander dag beskou nie. Daarom dat dit ook nie saak maak op watter dag daar bymekaar gekom word nie. Alhoewel ons lees dat die vroeë gelowiges *"dag vir dag"* bymekaar gekom het (Hand.2:46-47), lees ons dat hulle as 'n gewoonte ook gereeld op die eerste dag van die week byeenkomste gehad het (1Kor.16:2).

Slotsom

1. Die Sabbat is deel van die Ou Verbond
2. Vir Christene word die Ou Verbond met die Nuwe Testament vervang (Heb.8:13).
3. Die Sabbat as deel van die Ou Verbond geld dus nie vir Christen gelowiges nie (Kol.2 :16).

Waarom, ten spyte van sulke duidelike lering uit die Nuwe Testament, hou soveel Christene aan om die Sabbat, en baie ander tradisies en ordinansies van Judaisme, te onderhou?
Ek dink dit is omdat daar 'n verkeerde persepsie bestaan dat 'n mens meer geestelik is as jy jou met Joodse gebruike en tradisies assosieer. Ook, of dit nou erken word of nie, sommige Christene dink dat hulle God meer deur hierdie tipe vormgodsdiens behaag. Omdat die lering van die Nuwe Testament, veral dié van die briewe aan die Galasiërs en die Hebreërs, nie ordentlik bestudeer word nie, word die Nuwe Testament nie verstaan nie en word Ou Testamentiese skrifte uit konteks gebruik. Die gevaar van die klem wat Judaisme op uiterlike waarneembare ordinansies plaas, is dat dit aansluit by die neiging in die moderne kerk om geestelikheid met sintuiglike ervarings te assosieer (omvallery in die gees, rituele, ikone, labirinte, gebedstasies, gebedsoptogte, hoë plekke, blaas van ramshorings, visualisering van Jesus, geestelike verbeeldingsvlugte, ens.), *"wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees"* (Kol.2:23).
Dit sal goed wees as ons mekaar gedurig daaraan herinner dat daar geskrywe staan: *"…**ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie**"* (2 Kor.5:7, My beklemtoning).

"O onverstandige Galasiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig? …het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? …En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe." (Gal.3:1-11).
"Laat niemand julle dan oordeel in spys of drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van toekomstige dinge…" (Kol.2:16-17).

Nick Maartens
Langenhovenpark, Bloemfontein
O827826074 E-pos: nickmaartens@hotmail.com
Webtuiste: www.nickmaartens.co.za (Ctrl + click to follow link)